**Die Nuwe Gelofte gegee op 28 Oktober 2008 en wat ook op 15 Julie 2017 vrywillig vir 7 dae afgelê was by die Dogter van Sion gemeente te Kameeldrif 225, Pretoria - Nou 11 Julie 2026**

## INLEIDING

My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle gelofte sal julle doen ter bevryding van julle volk, omdat Ek julle gekies het as tussenpersone, as middelaars en verteenwoordigers van My volk. Ek wil julle gebruik ter verlossing van die reine en onreine wat nog te red is in My mense. Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. Julle gelofte en klipstapel sal die simboliek wees vir die oprigting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar. Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag. Wees geseënd met My Krag en outoriteit om die bose te kan bind om My volk te kan red. Ek sal My gelofte met julle sluit ter wille van julle volk, want omdat opregtes in My volk is, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.

## DIE VERBOND

My verbond met julle is die volgende:

Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle ‘n Man te wees en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEl, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde. Dit is My verbond: Verlossing.

## DIE GELOFTE

Julle gelofte is as volg:

Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié gelofte, dat ons U Huis sal bou, die Vesting vir die Dogter van Sion. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde staan as een, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. Ons bring ons lewens as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag terugkeer na ons Bron, sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.

## DIE SEËN DEUR JAHSHUA GEGEE AAN DIE BOEREVOLK

Wees geseënd in die aarde deur My bloed gekoop.
Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop.
Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai
En die arend se gesang uitrys bo die kraai.
Edel is die volk, deur My Hand uitverkies,
Edel is die hart wat Liefde verkies.
Edel is die Man wat hart aan hande bind
En die kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind.
Ek, die Begin en Einde hiervan spreek: Geseënd is die siel
waarin My Brood nou breek. Amein.

## Die Tiende aflegging van die Gilgal Klipwiel op 11Julie 2026

**Die daaglikse gebedsoffer gebring by Gilgal**

(*gebed wat daagliks by Filadelfia Ark gehou word, maar ook deur elke Gilgalid in Suid-Afrika by sy huis gebid kan word)*

Elke oggend kom die Dogter van Sion gemeente bymekaar by die Gilgal Wiel en neem hande rondom die wiel vir gebed en ramshoringblaas waar 12 ramshoring salvo's uitgestuur word die eter in.

Die gebed neem die volgende formaat aan, soos deur Vader aanbeveel:

**Hierdie gebed is slegs 'n riglyn:**

Eerstens buig ons almal in die gees voor JaHshua en vra vir vergifnis van sonde en reiniging deur Sy bloed. Dit is sodat ons aanbieding wat volg 'n waardige aanbieding sal wees deur gereinigde persone.

Ek is getroud en trek nou my vrou se gees onder my gees in en en gesamentlik open ek ons 7 energiepunte of energiekrone en wel op die volgende wyse:

Eerstens open ons ons Barmhartigheidskroon op ons kroontjie, dan ons Liefdeskroon in ons voorkop, dan ons Geduldskroon in ons keelarea, dan ons Geregtigheidskroon in ons hart.

Dan gaan ons na ons bekken-area en open ons Ordekroon, daarna kom ons op na die naeltjiearea en open ons Werksame Wilskroon, daarna die maagarea waar ons die Wysheidskroon open en beweeg ons in die Geregtigheidskroon in, waar ons die volgende wesens ontmoet volgens **Hebreërs 12:22-24**.

Ons ontmoet hier in ons hart vir JaHshua, die Middelaar van die Nuwe Verbond, die tienduisende engeleskares en ons vervolmaakte voorvaders en gesamentlik stuur ons nou as die onderste deel van die wiel hierdie Ligoffer na die volgende plekke:

Eerstens na die Mineraleryk, die Doderyk, die Innerlike Aarde, die Planteryk, die Diereryk, die Natuurgeesteryk, na die siele wat in die Hiernamaals in duisternis versmag, na die siele van ons Sterrebroers en –susters in die heelal en laastens na elke mens op hierdie aarde as volg:

Ons stuur U Lig na alle mense op aarde, na elke brandpunt, na elke oorlog wat hulle affekteer, na elke plek waar bose gedagtes, bose woorde en bose dade geuiter word teen U JaHshua, U Skepping en U kinders.

Ons stuur hierdie Lig na die Geloftevolk in Suid -Afrika en na die verlore stamme van die Huis van Israel regoor die wêreld.

Ons stuur hierdie Lig na elke Wêreldheerser en na hul demoniese magte, sodat hulle duisternis en bose dade verlig kan word en aan die Lig gebring kan word.

Ons bid dat die klip van Waarheid van **Daniël 2:44-45** die huidige Nebukadneser-wêreldbeeld aan sy voete van yster en klei sal tref en sy koninkryk verbrysel.

Amein!

**Verse:**

***Heb 12:22*** *Maar julle het gekom by die Berg van Sion en die Stad van die lewende Elohim, die Hemelse Jerusalem en tienduisende Boodskappers, [Openbaring 14:1-3]*

***23*** *by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die Hemele opgeskrywe is, en by Elohim, die Regter van almal, en by die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is, [Ode van Salomo 33:11]*

***24*** *en by JaHWèshua, die Middelaar van die Nuwe Verbond, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.*

***Dan 2:44*** *Maar in die dae van dié konings sal die Elohey van die Hemele 'n Koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy van Haar sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; Sy sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal Sy vir ewig bestaan - [DaniEl 6:26]*

***45*** *net soos u gesien het dat sonder toedoen van [mense]hande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die brons, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote Elohey het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar. [Boekrol van Henog 52:2; DaniEl 8:25]*